LIBERTY
Own your life

# Besnoei mediese koste

Met dié dat mediese fondsbydraes vinniger styg as salarisverhogings, is dit nou die tyd om maniere te ontdek om mediese koste te beperk.

Die verhoging in bydraes tot mediese fondse wat vandeesmaand aangekondig is, wissel van dubbel tot drie keer die inflasiekoers. Mediese inflasie is veel hoër as ons dag-tot-dag inflasiekoers, wat beteken dat jou mediese koste elke jaar al hoe meer in jou begroting sal invreet. Daar is egter maniere om jou mediese koste te besnoei en jou mediese dekking nog verder te rek.

## Raak by netwerke betrokke

Benut die netwerk-opsies wat jou mediese fonds mag aanbied. Sommige mediese fondse het netwerk – opsies vir algemene praktisyns, spesialiste en hospitale. As jy by hierdie opsies betrokke raak, kan jy moontlik groot premie-afslagte geniet.

## Self-versekering

Jy kan 'n goedkoper plan kies met 'n bybetaling vir sekere gekose prosedures. Dit kan jou maandelikse bydraes verminder, maar dan moet jy verseker dat jy geld opsysit vir ingeval jy prosedures moet ondergaan wat 'n bybetaling vereis.

## Ken jou dokter se tariewe

Dit is dikwels vir pasiënte 'n verleentheid om geldsake met hul gesondheidsorgverskaffer te bespreek; maar wanneer jy 'n afspraak maak, vra gerus wat jou dokter se tariewe is en of jy vir enige bybetalings verantwoordelik sal wees. Op hierdie manier kan jy ingeligte besluite neem oor hoe jou gesondheidsorg-begroting bestee word.

As bekostigbaarheid vir jou 'n kopseer is, sal dit miskien beter wees om te soek na 'n diensverskaffer wie se koste in ooreenstemming met die Nasionale Gesondheidsverwysingspryslys is; maar as keuse vir jou belangriker as koste is en jy nie omgee om meer te betaal nie, sal jy ten minste vir seker weet hoeveel jy sal verwag word om te betaal.

## Verstaan jou mediese dekking.

Sommige mediese fondse, soos Liberty Health, betaal uit jou risikodekkingsfonds vir bykomende mediese behandeling so dat dit nie van jou spaargeld wegvreet nie. Sommige fondse betaal byvoorbeeld uit risikobeskerming eerder as uit die spaarfonds vir voorkomende toetse soos cholesterol en papsmere, voorbehoedmiddels en besoeke aan die noodeenheid weens trauma.

## Betaal kontant vir medisyne

Moet nooit uit jou mediese skema se spaarfonds betaal vir medisyne of vitamines wat jy oor die toonbank koop nie. Apteke bied dikwels afslag aan vir regstreekse betalings en dit is boonop nie wys om mediese spaargeld op te gebruik wat jy moontlik mag nodig hê vir noodsaaklike of duur gesondheidsorgdienste soos bloedtoetse, brille en besoeke aan die dokter nie. Vra ook jou dokter en apteker vir generiese medikasie, want die kans is goed dat dit goedkoper sal wees.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*